**REMGRO BEPERK**
(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienommer: 1968/006415/06)
ISIN: ZAE000026480
Aandelekode: REM
("Remgro" of "die Maatskappy")

Remgro Beperk

# VOORGESTELDE HERSTRUKTURERING DEUR DISTELL GROEP BEPERK VAN SY EIENAARSKAPSTRUKTUUR

## 1. Inleiding

Remgro-aandeelhouers word verwys na Distell Groep Beperk ("Distell") en Capevin Holdings Beperk ("Capevin") se gedetailleerde aankondigings, onderskeidelik, wat op 22 Junie 2017 op die Stock Exchange News Service ("SENS") vrygestel is, welke aankondigings die voorgestelde herstrukturering van Distell se veelvlakkige eienaarskapstruktuur uiteensit ("Voorgestelde Transaksie").

Die doel van hierdie aankondiging is om die uitwerking van die Voorgestelde Transaksie op die Maatskappy uiteen te sit.

## 2. Uitwerking van die voorgestelde transaksie op Remgro

Om uitvoering te gee aan die Voorgestelde Transaksie sal Remgro as een van 'n aantal interafhanklike stappe, sy bestaande 50% aandeelhouding in Remgro-Capevin Beleggings Eiendoms Beperk ("RCI") vir addisionele gewone aandele in Capevin ("RCI Verwante Capevin Aandele") ("RCI Ruiling") verruil. Remgro hou tans, dit wil sê voor die RCI Ruiling, 19.0% van die gewone uitgereikte aandele in Capevin en sal dus na die RCI Ruiling, 59.5% van die gewone uitgereikte aandele in Capevin hou.

Na die RCI Ruiling, sal Remgro verder al sy Capevin gewone aandele verruil vir gewone aandele in 'n nuut genoteerde entiteit ("Nuwe Distell Ruiling"), welke nuwe genoteerde entiteit wesentlik dieselfde as die huidige Distell sal wees ("Nuwe Distell"). Remgro sal verder ook ongenoteerde B-aandele in Nuwe Distell ontvang ("B-aandele"). Die B-aandele sal gekoppel wees aan daardie Nuwe Distell gewone aandele wat Remgro ten opsigte van die RCI Verwante Capevin Aandele ontvang het ingevolge die Nuwe Distell Ruiling, wat tot gevolg sal hê dat RCI se huidige stemreg van 52.8% in Distell behou word. Die ongenoteerde B-aandele sal slegs geregtig wees tot stemregte en sal geen reg op ekonomiese deelname hê nie, behalwe vir die reg dat indien die B-aandele teruggekoop word, om dan teruggekoop te word teen die uitreikingsprys van R0.00001 per B-aandeel en die reg, met die likwidasie van Nuwe Distell, vir die houers van die B-aandeel om die uitreikingsprys van R0.00001 per B-aandeel betaal te word alvorens enige likwidasie betaling of distribusie gemaak word aan gewone aandeelhouers in Nuwe Distell.

Ooreenkomstig die implementering van die Voorgestelde Transaksie sal beide Capevin en Distell gedenoteer word ("Distell Denotering" en "Capevin Denotering") en beide sal volfiliale van Nuwe Distell word.

## 3. Waarde van die netto bates en winste toeskryfbaar aan die netto bates

Remgro-aandeelhouers word in kennis gestel dat die implementering van die Voorgestelde Transaksie nie 'n uitwerking sal hê op die Maatskappy se intrinsieke batewaarde of wesensverdienste, toeskryfbaar aan Distell, sal hê soos in die Maatskappy se finansiële state geopenbaar nie. Remgro sal sy ekonomiese belang in Distell behou na die implementering van die Voorgestelde Transaksie.

| Soos op 31 Desember 2016 | Wesensverdienste[1] | Intrinsieke batewaarde[1] |
|---|---|---|
| Distell (30.9% belang[2]) | R502m | R9.782 miljard |

(1) Gebaseer op die laaste twaalf maande, soos op 31 Desember 2016 soos in die finansiële tussenverslag
(2) Hierdie Kategorie 2-Transaksie hou slegs verband met die 26.4% van Remgro se belang in Distell, via RCI, en die belang wat Remgro tans hou via genoteerde aandele in Capevin, maak nie deel uit van hierdie Kategorie 2-Transaksie nie
(3) Op Desember 2016 het Remgro 15.6% van die genoteerde aandele van Capevin besit, na uitreik van die tussenresultate het Remgro se belang in Capevin na 19.0% toegeneem

## 4. Opskortende voorwaardes tot die Voorgestelde Transaksie

Die implementering van die Voorgestelde Transaksie is onderhewig aan die nakoming of, waar toepaslik, die afstanddoening van die volgende interafhanklike opskortende voorwaardes, teen nie later as Maandag, 2 Oktober 2017[1] nie, die verwagte effektiewe datum van die Voorgestelde Transaksie:

- goedkeuring deur Distell-aandeelhouers van die Nuwe Distell Ruiling en Distell Denotering;
- goedkeuring deur Capevin-aandeelhouers van die RCI Ruiling, die Nuwe Distell Ruiling en die Capevin Denotering;
- goedkeuring deur die relevante mededingingsowerhede;
- goedkeuring deur die Oornamereguleringspaneel en die JSE Beperk;
- registrasie van die prospektus uitgereik deur Nuwe Distell by die Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom;
- registrasie van die spesiale besluit wat vereis word om Nuwe Distell se aandelekapitaal te herstruktureer en die nuwe akte van oprigting van Nuwe Distell te aanvaar;
- afstanddoening deur die minderheidsaandeelhouers van Distell en Capevin, onderskeidelik, van die verpligte aanbod wat Remgro aan hul sal moet maak vir hul gewone Distell en Capevin aandele, voortvloeiend uit die implementering van die RCI Ruiling; en
- dat, binne die tydperk voorgeskryf deur artikel 164(7) van die Maatskappywet, geen versoek ontvang word nie of geldige versoeke ontvang word deur Distell of Capevin, onderskeidelik, welke versoeke, in totaal, nie meer as 5% van die aandele in Capevin of Distell, onderskeidelik, verteenwoordig nie, ingevolge die bepalings van artikel 115(8) van die Maatskappywet.

(1) Hierdie datum mag verander tot die mate dat die vereiste goedkeuring deur die relevante mededigningsowerhede nie teen Maandag, 2 Oktober 2017, verkry is nie

## 5. JSE kategorisasie

Die Voorgestelde Transaksie is 'n Kategorie 2-transaksie vir doeleindes van paragraaf 9.5(a) van die JSE Beperk Noteringsvereistes ten opsigte van die Maatskappy, gevolglik is die toestemming van Remgro aandeelhouers nie nodig nie.

Stellenbosch
22 Junie 2017

**Finansiële Adviseur vir Remgro**
NOMURA

**Regsadviseur vir Remgro**
ENSAFRICA

**Aksepbank en Borg**
RMB
A division of FirstRand Bank Limited

GMF 11602